

# Sola Scriptura!

*“Aangesien die hele wyse waarop  
God deur ons gedien moet word,  
daarin breedvoerig beskrywe is,  
mag ook niemand,  
selfs nie die apostels nie,  
anders leer  
as wat ons reeds  
deur die heilige Skrif  
geleer word nie...”*

(NGB art 7)

# Die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar

*Ter wille van gehoorsaamheid aan die Woord van sy Liefde en die eenheid van sy Kerk (Joh 15:9, 10; Ef 3: 16 – 19)*

Geliefde broeders en susters

Op sy vergadering van 27 Januarie 2003 het die kerkraad met diakens van die Gereformeerde Kerk die Kandelaar besluit om die volgende aan die gemeente mee te deel:

“ Die kerkraad het met ontsteltenis kennis geneem van enkele besluite wat deur die nasionale sinode van 6 – 16 Januarie 2003 op Potchefstroom geneem is. Hieroor wil die kerkraad duidelike leiding aan die gemeente en ook na buite gee. Na grondige oorweging is die kerkraad van oortuiging dat die volgende besluite nie uit die Bybel nie, maar eerder buite die Bybel om en op onordelike wyse geneem is:

- Die besluit van die sinode om die gebruik van die 2001 Psalmomdigting, ook bekend as die Cloete-omdigting, vir gebruik in die kerke aan te beveel, ondanks die ernstige tekortkominge wat uitgewys is, wat dit ongeskik vir Christelike kerklike gebruik maak.
- Die besluit dat susters in die besondere amp van diaken mag dien, ondanks die spesifieke verbouie uit die Skrif en sonder dat die duidelike gevolgtrekkings en besluite van sinode 1988 uit die Skrif ongeldig bewys kon word.

Die kerkraad verklaar in gehoorsaamheid aan ons Koning en Here Jesus Christus dat hierdie besluite ongeldig is, omdat dit in stryd met sy Woord en sy liefde is (Joh 15:10 e.v.)”.

Die boekstawing van die kerkraad se oorwegings volg nou hierna in die volgende punte:

1	Inleiding .....	3
2	Waarom ons die aanbeveling van die 2001-Omdigting verwerp .....	4
3	Waarom ons die toelating van vroue tot die diakenamp verwerp .....	12
4	Konklusie .....	17
Bylae 1	Ons gemene akkoord .....	18
Bylae 2	Uitvoering van art 31KO .....	20
Bylae 3	Die aanloop tot die gewraakte besluite .....	23
Bylae 4	Die Bybelse verkondiging oor kerkverband .....	25

# 1. Inleiding

Volgens artikel 31 van ons Kerkorde het elke gemeente in die verband van die GKSA nie alleen die vryheid nie, maar ook **die roeping** om elke besluit van die sinode te toets of dit ooreenkomstig die Heilige Skrif en die Gereformeerde Belydenis en kerkorde is en om bevindings (“bewyse”) aan kerke van ons kerkegemeenskap te kommunikeer. Die ter sake gedeelte van die artikel lui soos volg:

*Wat op ’n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met God se Woord of die artikels van die Kerkorde.*

Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk die Kandelaar het die roeping ooreenkomstig artikel 31 van ons kerkorde opgevolg en o.a. die besluite oor die Psalmang (teenoor art. 69 K.O.) en die dienste van diakens (teenoor art. 2, 24, 25, 26 K.O.) aan die Woord van God getoets. Ons aanvaar die roeping op grond van die gemene akkoord waardeur ons as kerke met mekaar gemeenskap onderhou. Met ootmoedige afhanklikheid, erkentlik dat ons self met vele swakhede en sonde besmet is, dog ook saam met duisende dierbares van dieselfde kosbare geloof in Christus geheilig, gee ons ons bevindings (bewyse/ontdekkings) in gereduseerde formaat hiermee deur aan die kerke waarmee ons in gemeenskap binne een kerkverband leef.

## **Ons broederlike versoek is:**

1. Dat u hierdie dokument in behandeling sal neem met die oog daarop om die argumente wat hierin vervat is, vir u rekening te neem.
2. Dat u ook u besluit in verband met die saak aan die gemeentes in ons kerkegemeenskap deurstuur met dieselfde versoek aan hulle.
3. Dat u hierdie dokument ook na u klassis en daarby behorende meerdere vergaderings sal deurstuur vir optrede. Die doel is om ’n spesiale sinode byeen te roep om die onrus wat in die kerkverband heers, by te lê deur die onbybelse besluite nietig te verklaar.

**Die sinode se besluite oor die 2001-omdigting en die diens (amp) van die vroue as diakens is onbybels en word kragtens artikel 7 en 32 NGB van harte verwerp.**

## **2. Waarom ons die besluit van die sinode oor die aanbeveling van die 2001-omdigting verwerp**

Die besluit lui: Artikel 22, F, 3.2.1, “Dat die 1936-beryming saam met die 2001-omdigting in een bundel uitgegee word en vir gebruik in die eredienste aanbeveel word, onderhewig aan die besluite van elke plaaslike Kerkrad.” “Besluit: Goedgekeur” (Acta 2003: 581)

### **2.1 Die 2001-omdigting het die Gereformeerde grondbeginsels vir ’n nuwe beryming omvergewerp.**

Hierdie grondbeginsels vind ons reeds in die Franssprekende Gereformeerde Kerk Straatsburg in 1539 en is vir meer as 400 jaar daarna konsekwent deur Gereformeerde kerke oor die hele wêreld toegepas (vgl. o.a. Frankryk, Switserland, Nederland, Skotland, Engeland, Noord—Amerika, Hongarye, Korea en ook ons in Suid—Afrika). Die betrokke grondbeginsels eis dat daar so getrou as moontlik aan die volledige grondteks van die Bybel gehou moet word. Hierdie is immers die intense verlange wat by gelowiges veronderstel moet word.

In 1 Pet 2: 2 lees ons: “*en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei,*” Om dit te verseker het die sinodes van die GKSA oor baie jare die nodige vereistes neergelê en nuwe aanbiedings van Skrifberymings volgens art 69 KO is aan die gestelde kriteria getoets. ’n Oorsigtelike weergawe hiervan asook ons besluite om aan ’n nuwe beryming van die Psalms mee te werk volg nou hierna:

- i **Handelinge 1967: art 157 (pp 452 – 454)** Onder punt 6 “Hersiening van Psalmboek” rapporteer die deputate insake korrespondensie met binnelandse kerke die volgende: “*Wat die hersiening van die teks van die Afrikaanse Psalmboek betref, is geantwoord dat die Sinode van die Gereformeerde Kerk nog nooit daarvoor gehandel het nie, en gevolglik is daar geen opdrag gegee nie. Van die kant van die Gereformeerde Kerk kan niks aan die saak gedoen word nie, voordat die Sinode van Januarie 1967 daarvoor besluit het nie*” Dit na aanleiding van ’n brief wat van die NG Kerk hieroor ontvang is. Die Sinode spreek sy leedwese uit dat die NG Kerk (onafhanklik) reeds begin het met die hersiening van die teks van die Afrikaanse Psalmberyming.

- ii **Handelinge 1970, art 184, pp 459 e.v.** Die Deputate lê 'n konseptantwoord van die NG Kerk aan die Sinode voor. Die sinode is van oordeel dat daar vir die huidige geen noodsaak is om die berymings van die Psalms te hersien nie.
- iii **Handelinge 1973, art 159, pp 407-8:** Na aanleiding van 'n brief, ontvang van die NG Kerk besluit die Sinode: Die saak word verwys na die deputate ekumeniese sake om die NG Kerk aan te hoor, daaroor te rapporteer en duidelik en onomwonde die ter sake besluit van 1970 in die bespreking te handhaaf.
- iv **Handelinge 1976, art 113, p 405** Die Sinode besluit om saam te werk aan 'n beperkte taalkundige revisie van die Psalmberyming waarin getrag sal word om argaïstiese woorde en segswyses en ander taalonsuiwerhede uit te suiwer terwyl streng gewaak sal word teen aantasting van die inhoud en poëtiese gehalte van die bestaande beryming. (*Let egter op dat hierdie saak nie vanuit die kerke nie, maar deur die deputate op die tafel van die sinode kom*)
- v **Handelinge 1979, art 187, p 618** Daar word besluit om nie verder te gaan met die revisie van die Psalmboek nie. Die sinode wys deputate aan om in hierdie verband met die ander twee Afrikaanse kerke te skakel.
- vi **Handelinge 1982, art 140, p 513** Die sinode neem kennis van die volgende besluit wat op die NGK se algemene sinode van 1978 geneem is: “*Die sinode is van oordeel dat 'n hersiening en verbetering van die Psalmberyming sops nadat die nuwe Psalmboek met sy verbeterde melodieë verskyn het, nie geleë en wenslik is nie; dat die Totiusteks nie verander of verbeter moet word nie, maar as 'n kerklike kultuurskat ongeskonde bewaar moet word.*” In die lig hiervan word besluit om van die saak af te stap. (Opmerking: Let wel: Hiermee het die NG Kerk die Totiusberyming feitlik tot 'n museumstuk verklaar!) Dieselfde NG Kerk sinode het ook besluit: “*dat met die oog op die nuwe vertaling van die Bybel – wat toe nog eers in 1983 sou verskyn – in Afrikaans, daar ter geleger tyd 'n nuwe beryming van die Psalms in ooreenstemming met die Nuwe vertaling gedoen moet word.*”
- vii **Handelinge 1985 art 172, pp 747 e.v.** Twee beskrywingspunte (van die Part Sinode Wes-Transvaal en Suidelike Part Sinode) is ingedien. Al twee vra vir samewerking met die NGK en NHK m.b.t. nuwe Psalmberyming. Besluit: “*Die sinode gee gevolg aan die beskrywingspunte en wel so dat deputate benoem word om met die ander twee Afrikaanse Kerke saam te werk in 'n nuwe beryming van die Psalms sonder dat die sinode hom nou reeds kompromitteer ten opsigte van die aanvaarding van sodanige Psalmberyming.*”
- viii **Handelinge 1988, art 159, pp 788 e.v.** Die sinode besluit onder meer om die volgende te aanvaar: “*'n kerk wat sy ondersteuning aan die Psalmhersiening op een of ander stadium, hetsy met kennisgewing of in die praktyk onttrek, of vir wie die finale produk nie aanvaarbaar is nie, of wat nie die Psalmberyming in sy geheel in sy liederebundel opneem nie, verloor sy bevoegdheid om enige verdere aandeel of deelname aan die TKKP te behou.*” (P 792 punt 3.1.4 en besluit op p 794 punt 3.1.3.5 )

- ix **Handelinge 1991 Uitvoerige rapport dien op die sinode (pp 565 e.v.)** Verder: ’n beswaarskrif van proff d’ Assonville en Schulze slaag in sy geheel. Daarin word onder meer verwys na ’n besluit van die sinode 1936, dat hulle na strenge keuring geen eksegetiese of dogmatiese afwykings in die Afrikaanse Psalmberyming (Totius) aangetref het nie, gevolglik dit goedgekeur en met volle vrymoedigheid vir gebruik in die GKSA aanbeveel het ( Akta 1936, p 141 aangehaal op p 588 van acta 1991). Die sinode besluit op grond van die beswaarskrif om deelname aan die nuwe Psalmberyming te staak. Insake nuwe Skrifberyminge het ’n uitvoeringe meerder- en minderheidsrapport gedien. Geen besluite word geneem nie. Eers moet beginsels en riglyne vir beoordeling vasgestel word.
- x **Handelinge 1994, p 524 e.v:** Beginsels en riglyne vir die keuring van Skrifberymings vir die erediens vasgestel. Hier is ’n belangrike besluit geneem wat ook vir die psalms geld: *“Die beryming moet die sin en inhoud van die Skrifgedeelte suiwer en korrek in ooreenstemming met die kerklike belydenis weergee.”* (p 538). ’n Beswaarskrif van die Part Sinode Noord-Transvaal teen besluit 1991 om deelname aan nuwe psalmberyming te staak, slaag in sy geheel. Daarna ook die volgende besluit wat toegepas moet word: *“deur die Sinode goedgekeurde beginsels en riglyne vir die keuring van Skrifberymings vir die erediens (toe te pas), want dit sal net so geld vir Psalms wat in wese ook Skrifberymings is.”* (punt 5 op p 553). ’n Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal oor die hersiening van die Totiusteks word aanvaar.
- x. **Handelinge 1997. p 786 punt 3.1.1.3** Nuwe Skrifberymings is goedgekeur. ’n Uitvoerige verslag het gedien. Daar is ook rapport gelewer oor die vordering met die nuwe Psalmberyming: *“Die samewerking is baie hartlik en daar kan met dankbaarheid getuig word dat die beoordeling van die nuwe psalms uiters noukeurig gedoen word om te voldoen aan die eise van Skrifgetrouheid en aan die eise gestel in die beginsels en riglyne soos deur die sinode 1994 vasgestel is.”* Daar is besluit om ’n woord van waardering en bemoediging aan prof TT Cloete te rig.
- xii **Handelinge 2000** Die sinode benoem weer deputate vir die afhandeling van die Nuwe psalmberyming en benoem terselfdertyd dieselfde deputate as keurderspaneel van die eindproduk. Die finale rapport moet aan die sinode van 2003 voorgelê word vir finale besluit oor die inhoud van die Nuwe beryming. Die sinode spreek hom gunstig uit oor die proses van die nuwe beryming van die Psalms, gesien in die lig van die eenstemmige rapport oor die deeglike werk vir die NB. Die Nuwe Psalmberyming word aan die kerke beskikbaar gestel vir beoordeling en kommentaar aan die nuwe deputate. Die deputate wat die kommentaar saam en doen ’n aanbeveling by die sinode 2003.

Na hierdie gestelde eise en die besluit wat sinode 2003 oor die 2001-omdigting geneem het, bevind ons:

- 1 Die omdigting het nie die oorspronklike Hebreeuse teks nie, maar deurgaans die 1983-Afrikaanse vertaling gebruik.
- 2 Die omdigting het, juis omdat hy hoofsaaklik die 1983-vertaling in die wegbeweg van die oorspronklike segswyse gevolg het, meestal die koloriet in die Hebreeuse taal ter syde gestel.
- 3 Talle voorbeelde wat hierna gegee word, bewys dat die omdigting die gesag van God se Woord (NGB art 7) nie eerbiedig nie. Die sinode het die kommissie-minderheidsrapport, wat met aanhaal van al die vorige sinodebesluite aangetoon het dat hierdie bundel nie aan die skriftuurlike vereistes voldoen nie, nie grondig oorweeg nie. Die minderheidsrapport is gewoon afgestem sonder dat die inhoud daarvan gewees is. (Dit dien as studiemateriaal wat saam met hierdie skrywe gelees moet word.)

### **Bewys 1. Die omdigting van 2001 verwyder Christus met opset**

Die mees verontrustende feit is dat die Messiaanse inhoud van die Psalms nie uit onkunde of uit 'n gebrek aan teologiese kennis of uit 'n onskuldige digters-waagmoed ontloop is nie, maar met opset verwyder.

Daar is by verskeie geleenthede in die openbaar verklaar dat die bekende Messiaanse Psalms op grond van die jongste navorsing nie as Messiaans beskou word nie. Dit ten spyte van die GKSA se verklaarde standpunt dat “Die hele Ou Testament Messiaans is.”

'n Populêre bron wat in baie Afrikaners se huise gebruik word en wat 'n verteenwoordiger van “die nuwe navorsing” is, is **Die Bybel in Praktyk** (Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereniging, 1993). In die hoofstuk “**Die gebruike van die Ou Testament in die Nuwe Testament**” (pp 1363 e.v. [ongenommer]) word die volgende standpunt op gesag van sy hoofredakteurs ingeneem:

*“Aan die ander kant word dit duidelik dat die manier waarop die Nuwe Testamentiese skrywers van die Ou Testament gebruik gemaak het nie 'n voorbeeld is waarvolgens ons ook die Ou Testament mag gebruik nie. Die Nuwe Testament is nie 'n kommentaar op die Ou Testament nie. Die Nuwe Testament is 'n nuwe teksskepping. Dit verklaar nie die Ou Testamentiese aanhalings nie, maar gebruik dit in nuwe aanwendings in die skepping van 'n nuwe teks. Ons probeer om die Ou Testament te verklaar; die Nuwe Testament as die Woord van God gebruik dit eger om 'n nuwe woord van God aan ons te bring. Die betekenis van die Ou Testamentiese teks kan dus nie sommer met die Nuwe Testamentiese gebruik daarvan vereenselwig word nie. Elkeen moet binne sy eie teksverband verstaan en uitgelê word.”*

Hierteenoor bely ons dat die Nuwe Testament nie sonder die Oue nie, en ook die Ou Testament nie sonder die Nuwe verstaan kan word nie. Die teks moet welliswaar *eerste* binne sy eie teksverband verstaan en uitgelê word, maar moet

*final* binne die verband van die *hele Bybel* uitgelê en verstaan word. Dit is juis strydig met hierdie beginsel, en ook strydig met die eksplisiete belydenis van die sinode 2003 by die beantwoording van ’n beswaarskrif, dat die hele Ou Testament Messiaans is, dat dit so onverstaanbaar is dat die sinode die 2001-omdigting aanbeveel waarin hierdie beginsel, wat die sinode self onderskryf het, omvergewerp is. Hierdie ernstige tekortkoming het ons onder meer gevind in: **Ps 2:7; Ps 22:2, 8, 17b, 23, 24; 31:6; 110:1 e.a.**

## **Bewys 2. Die 2001-omdigting gebruik die Name van God verkeerd**

In feitlik à die 150 psalms word God se Name willekeurig heeltemal verkeerd gebruik. Die name Jahwe, Adonai en Elohim word deurgaans omgeruil, verkeerdelik geplaas en dikwels weggelaat of andersins as stopwoord gebruik. Dit is ’n ernstige vergryping aan die Bybelse inhoud. Ons vind dit veral erg by **Ps. 5; 6; 8; 9; 11 en 16**. Die motivering by die besluit wat die sinode goedgekeur het, was dat sodanige omruiling ook maar by die Totiusberyming plaasgevind het. Dit is egter ’n ondeurdagte opmerking, aangesien die enkele kere waar dit voorkom groot sorg gedra is dat die korrekte oorspronklike betekenis nie verlore gaan nie. Verder is dit nie geldig om met vermeende tekortkominge van een produk regverdiging te soek vir tekortkominge in ’n ander nie. Ons werk tog nie met sulke standarde nie. Wanneer met die Totiusberyming vergelykings gemaak word, moet daar immers die versekering wees dat ons nuwe aanbevole produk beter moet wees as die oue en nie slegter nie.

## **Bewys 3: Minstens ’n derde van die 150 Psalms se inhoud is in die 2001-omdigting eenvoudig weggelaat.**

Hier het ons een van die grofste aantastings van die Heilige Skrif. Volgens Deuteronomium 4:2 en Openbaring 22:18 rus ’n verskriklike oordeel oor ons as ons by God se Woord “dinge byvoeg” of van sy Woord “wegneem”, as ons na eie goëddunke besluit of iets te kru is, te veel herhaal is, of wat ookal en dit weglaat. Die omdigting van 2001 gee voor (pretendeer) dat dit ’n volledige omdigting van die 150 psalms is. Maar dit is nie wáár nie. Kardinale woorde, name, begrippe en waarhede is eenvoudig op ’n roekelose manier weggelaat, soos bv. die tora (wet) in **Ps 1; 19:8; 40:9; 78:10; 89:31; 94:12 e.a.** en die beriet (verbond) in **Ps 25; 10, 14; 55:21; 74:20; 78:10 e.a** Daar is nog talle ander voorbeelde. Baie van die belangrike name in God se verbondsvolk se geskiedenis is willekeurig weggelaat, soos bv. die Libanon en die woestyn Kades in Psalm 29. Hierdie voorbeelde kan met tientalle vermenigvuldig word. (Uitgebreide studiestukke hieroor is beskikbaar.)

## **Bewys 4: Die sogenaamde “wraakpsalms” ingrypend verander**

Hoe is dit tog moontlik dat die sinode van 2003 die beryming van Psalm 139 deur Lina Spies kon aanbeveel om deur die kerke gesing te word? Hier kan selfs gepraat



word van growwe foute met die inhoud van hierdie Psalm. Verse 19 tot 22 (God se verbondswraak) van die oorspronklike Psalm is in die omdigting heeltemal verwyder. Nog meer bewyse van verwydering of versagting van God se wraak kan gegee word, waar onder by Psalm 90, een van die grootste dwalings oor God se **toorn**. Dit gaan oor vers 11: “*Wie ken die sterkte van u toorn en u grimmigheid, ooreenkomstig die vrees wat aan U verskuldig is?*”

Die eksegese is duidelik. Dit is ’n retoriese vraag wat die antwoord impliseer: **Geen** mens op hierdie aarde kan ooit die toorn van God deurgrond nie. Calvyn sê oor hierdie Skrifwoord: “*Die krag van God se toorn is deur die mens onberekenbaar. Daar is maar, één mens wat in sy lewe op aarde God se toorn geken en ervaar het en dit is die MENS Jesus Christus.*”

Maar wat staan in die omdigting? Hy het die 1983-vertaling (NAV) blindelings gevolg. Hierdie tweede Afrikaanse vertaling het verkeerdelik die woorde “**beter as u dienaars**” wat nie in die oorspronklike Hebreeus staan nie, ingevoeg. Die NAV se vertaling lui dan soos volg: “*Wie ken die krag van u toorn **beter as u dienaars?***”

Die omdigting van die 2001- omdigting gaan ’n stap verder en hy verander die meervoud “dienaars” na die enkelvoud “dienaar”. Sy omdigting in die vierde strofe om deur die Gereformeerde kerke gesing te word, lui dan: “*Wie ken u gramskap beter as u dienaar?*” Wie is hierdie “dienaar”? Moses of die domineé, die ouderling of die noodlydende lidmaat? Dit staan eenvoudig nie in die Bybel nie. So word die kerkvolk verlei om in hulle huise, hulle skole en in die kerke ’n dwaling te besing. Het ons hier met ’n nietige kleinigheid te doen? Nee, dit gaan oor die ALLES van die kruis: God se volmaakte liefde en God se volmaakte toorn wat deur geen sondaar ooit “BETER” geken kan word nie. Hier het ons slegs één voorbeeld van baie dwalings in die 2001-omdigting. Hierdie bewys egter dat die digbundel nie so in sy geheel nie, maar die liedere afsonderlik volgens gestelde kriteria beoordeel moet word.

## 2.2 Wat van die verskil tussen ’n omdigting en ’n beryming?

Die sinode en die digters met hulle adviseurs maak daarop aanspraak dat dit nie hulle bedoeling was om ’n beryming daar te stel nie, maar ’n omdigting. Die wesentlike verskil is dat ’n beryming bedoel is as ’n tipe vertaling wat so na as moontlik die brontaal se koloriet volg, terwyl ’n omdigting volgens die Nederlandse Handwoordeboek, Van Dale, ’n “dichtend verwerken tot; in dicht een andere vorm geven” is. Presies so beskrywe prof Malan hierdie konsep in die voorwoord van die Nuwe Liedboek. ’n Omdigting is dus ’n as’t ware ’n nuwe skepping, iets soos ’n vrye lied na aanleiding van ’n Skrifgedeelte. Dit was deur-gaans duidelik dat die medewerkers en adviseurs elke keer beswaar gemaak het as daar van die 2001-omdigting verwag is dat dit ’n tipe vertaling moet wees.. Daar is onder hulle konsensus dat die Nuwe Liedboek nie homself as ’n beryming van die oorspronklike teks wil aanbied nie. Dit beteken dan net een ding, naamlik dat dit “vrye gedigte” is, na aanleiding van die Psalms soos die bekende lied van Luther n.a.v. Ps 46.

Nou is juis hierdie konsepverandering 'n ernstige afwyking van die bedoelinge van die sinode en waartoe die sinodes tevore instemming en samewerking verleen het. In die voorwoord van die Liedboek is dit opmerklik hoedat die terme gebruik vir die digwerk ook aanvanklik begin met die verwagting van 'n beryming, en hoedat dit later 'n omdigting word. Dit kan gevra word of die Gereformeerde kerke nie deur hierdie konsepverskuiwing mislei is in dit waartoe ons bereid was om saam te werk nie.

Alhoewel daar in die grondbeginsel van die saak moontlik nie uit die Skrif teen so 'n konsep iets gebring kan word nie, mits die produk die volle raad van God suiwer en getrou vertolk, is dit duidelik 'n konsepverskuiwing oor die vraag: wat in die eredienste gesing behoort te word. Die les van die kerkgeskiedenis leer ons immers dat al die groot ketters uit die kerkgeskiedenis hulle dwaalleer deur vrye liedere in die kerk laat posvat het, en dat uit beskerming teen die dwaalleer die Dordtse kerkorde art 69 sy formulering in 1618-19 gekry het.

Die Gereformeerde Kerke in sinode 2003 het die duur les uit die kerkgeskiedenis eenkant gesit en 'n ordeverskuiwing aangebring waar nie meer Skrifliedere wat so nou as moontlik aan die grondteks van die Skrif verkleefd is gesing word nie, maar vrye liedere wat op die tema van die grondteks rus, ongetoets ingevoer word.

Ons volstaan egter met die volgende woorde van Calvin wat soek na die getrouheid aan die grondteks, na die onvervalsde melk van die Woord:

*“Daarom, nadat ons noukeurig ondersoek ingestel het, en hier en daar gesoek het, sal ons geen beter liedere vind, nog wat beter aan die doel beantwoord, as die Psalms van Dawid, wat die Heilige Gees deur hom gespreek en gemaak het nie. En buitendien, as ons hulle sing, is ons seker dat God hulle ons in die mond lê, asof Hy self in ons sing om sy roem te verhef.”* (Calvin in sy “Epistre au lectur”, 1542).

### **2.3 Wat van die vryheid wat daar tog deur die sinodebesluit aan die kerke gegee word?**

Die sinode het vir alle praktiese doeleindes, met opgaaf van redes nie die 2001-omdigting gekeur nie, maar vir die verantwoording van die kerke vir gebruik aanbeveel. Dit kom dus daarop neer dat kerke self moet kies en keur wat hulle sal sing of nie sal sing nie. Art 69 KO reël egter dat alles wat in 'n erediens gesing word, deur al die kerke gesamentlik goedgekeur moet wees. Die besluit wat die sinode egter nou geneem het werk nie alleen independentisme in die hand nie, maar veroorsaak praktiese verhinderings van vrymoedige beleving van kerklike gemeenskap. Die sinodebesluit skeur die kerkegemeenskap.

# 3 Waaron ons die sinode se besluit oor die vrou in die amp van Diaken verwerp

## 3.1 Die sinode het onder andere die volgende ingrypende besluit aangaande die vrou in die amp geneem, Acta 2003, Artikel 21.2, E, pt 4, bl. 456:

*“Samevattende aanbevelings van die Kommissierapport: “Die Sinode besluit in die lig van jarelange studie die volgende oor die plek van die vrou in die kerk”: “4. Die bestudering van spesifieke Skrifgedeeltes waar moontlik na die diens van vroue in ’n “amptelike” rol van diakens in gemeentes verwys word, kon geen algemeen aanvaarde gevolgtrekkings bied nie, maar dui tog in die rigting dat daar vroue in die diakendiens was (Rom 16:1,2; 1 Tim 3:11). Dit is egter duidelik dat vroue in die vroeg-Christelike kerk “diakonale dienswerk” in die versorging van medegelowiges verrig het (1 Tim 3:11; 5:9-15). Die Sinode keur in die lig van die Skrif goed dat vroue wat die nodige gawes het as diakens in die GKSA verkies en bevestig kan word. Die Sinode oordeel verder dat bepaalde tekste soos Rom 16:2, 1 Tim 3:11 en 5:9-15 baie lank reeds in die Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband ’n belangrike ondersteunende rol vir vroue in ’n besondere amp speel, alhoewel daar eensyds nie duidelike sekerheid bestaan nie, maar andersyds ook geen verbod op vroue in die amp van diaken geplaas word nie.”*

Die sinode het in hierdie saak die eksplisiete voorskrifte van die Woord van God verwerp in dieselfde ernstige mate as waarmee Hofni en Pineas (1 Samuel 2: 12 – 25) of ook Saul (1 Samuel 15: 23) gedoen het, en **maak** daardeur dat die Kerkvolk teen die HERE sondig.

## 3.2 Bybelse argumente

### 3.2.1 Handeling 6:1—4

Hierdie skrifgedeelte stel die eerste regstreekse voorskrifte vir iemand wat in die amp van die diaken gestel kan word. Alhoewel daar algemeen erken word dat daar by Hand 6 nog ongedifferensieerd oor die ampsdiens gepraat word, is dit heeltemal duidelik dat daar ’n versorgingskrisis in die Jerusalemse gemeente ontstaan het wat dui op die behoefte aan ’n spesifieke versorgings-amp. Die Griekssprekende weduwees is in hulle daaglikse versorging oor die hoof gesien. En om in die besondere behoefte te voorsien is die sewe diakens aangewys, mense wat in die “diakonia” van die Griekssprekende weduwees opgetree het.

Die voorskrifte vir die verkiesing van die persone was vir die gemeente nie onduidelik nie: Hand 6:3 Kyk dan uit, broeders, na sewe **manne** (Gr. ανδρας) uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel;

Belangrik hier is dat die totale bediening (diakonia) tot opbou van die kerk aanvanklik aan die apostels toevertrou was (vgl Mt 28: 16 – 20). Die bediening val in Hand 6 uiteen in verskillende kategorieë, waaronder: Die Woordbediening, die Gebedsdiens, en die daaglikse versorging. Dit is wat die Here Jesus aan die twaalf apostels toevertrou het. En vanuit hierdie totale bediening van die koningskap van Christus wat Hy sy apostels opgelê het (Matt 28: 19 – 20), het daar ’n spesialisering gekom spesifiek wat die daaglikse versorging van die weduwees betref. Omdat die apostels dit nie self kon behartig nie, moes persone aangewys word om hierdie apostoliese taak vir hulle te help verrig - bykans op dieselfde patroon as dat Moses die regspraak van Israel in die woestyn nie alles alleen kon behartig nie en mense mog aanstel om hom daarmee te help- kyk Ex 18). Gewoon logies toegepas op die diakenamp sou dit daarop kon neerkom dat indien vroue (anders as wat die teks sê) kon aanspraak maak op die diaken-amp, hulle ook net so wel in die ander ampte, in elk geval in die apostelamp sou kon gedien het (vgl art 38 KO).

Maar vroeër, toe die dissipels moes vasstel wie as ’n nuwe aangewese apostel in die plek van Judas Iskariot kon dien, was daar spesifieke vereistes gestel (Hand 1: 14). Aan sommige vereistes sou sekere susters onder hulle selfs primêr kon kwalifiseer, omdat hulle eerste getuies van Jesus se opstanding was. Maar dit moes volgens die aangehaalde Psalm (109:8) asook die voorskrifte van die apostels ’n manlike persoon uit hulle midde wees. Soortgelyk kom ook die vereistes by die instelling van diegene wat die apostoliese diakonia moet help verlig: *“Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle.”* Die vereistes wat die apostels in opdrag van Jesus gestel het, is nie vir enige misverstand vatbaar nie. ***Dit staan ook nie gewoon op sy eie as ’n ad-hoc voorskrif nie. Dit is immers nie in die veranderlike “betaamlikheid van die tyd” nie, maar in die onveranderbare heilsgeskiedenis en kerkgeskiedenis van die Ou Testament begrond. Ons weet uit die heilsgeskiedenis dat die aantal – 7 sowel in die Ou Testament asook in die tye daarna ’n wisselende getal was, maar oor die manlikheid was daar weens die ingeskape sosiale verbondstruktuur nooit enige misverstand nie.***

### **3.2.2 Romeine 16:1 Ek beveel by julle aan, ons suster Febe, wat dienaar is van die gemeente in Kenchréë**

Om met hierdie teks te probeer bewys dat Febe officieël in die amp van diaken in die gemeente van Kenchréë gestaan het, is tendensieus en vergesog. Niemand (selfs die grootste eksegete!) kon dit nog ooit afdoende bewys nie. Ons kan selfs praat van twyfelagtige “klankeksegese”. Febe was die koerier (dienares) wat Paulus se brief aan die Romeine gebring het. Dit is die meeste eksegete se standpunt, o.a. Calvin en Die Bybel met Verklarende aantekeninge (Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers [ Bpk., deel I p. 440), en so ook van taal-analitiese kommentatore Godet, Hodge ens.

Dat sy 'n dienaar (diakones) van die gemeente van Kenchréë was, word ook deur genoemde eksegete genoem. Sy het waarskynlik 'n koerierdiens bedryf in 'n soortgelyke orde as wat Lydia 'n purperverkoopster was en hoof van haar vroue-huishouding, en Febe het waarskynlik in die kategorie van die orde van die weduwees (1 Tim 5) opgetree. Sy het naamlik deur haar normale dienswerk opgetree ten behoeve van die gelowiges in Kenchréë. Dit is uit die vroeë kerkgeskiedenis bekend hoedat sekere vroue behulpsaam was by die doopsereemonies van vroue, en dat hulle as beskermers en versorgers van voortvluggende Christene opgetree het. Buitendien, die sinode 2003 het self erken dat hierdie teks nie afdoende bewys lewer dat vroue in dieselfde diakenamp kan dien as waarvan ons in Hand 6 lees nie.

### 3.2.3 Ander Skrifgegewens

Spesifiek die diakenamp van Hand 6, moet gesien word as 'n Nuwe Testamentiese ontwikkeling vanuit die apostelamp (Hand 6). Van hierdie ampsdraers word in hulle ampsomskrywing vereis dat hulle bepaalde regeer-en-leer funksies saam met die ouderlinge en die leraars moet uitoefen (1 Tim 3), oor die lidmate van die gemeente wat die broeders as hoofde van hulle huishoudings insluit. Wanneer in Rom 16 van Febe as 'n diakonos verwys word, beteken dit nie iets anders as elke gewone vorm van Christelike dienswerk in die Nuwe Testamentiese gemeente nie, soos die tafelbediendes (Lk 10:40, Jn 2: 5, 9), dienaars van die sonde (Rom 15:8), dienaars van die evangelie (Gal 2: 17), 'n dienaar van die kerk (Rom 16: 1, Kol 1: 25), Paulus en Appollos wat sowel dienaars van God en die kerk was (1 Kor 3: 5), Epafras wat 'n dienaar van God is (Kol 1:7), en Tigikus wat 'n dienaar van die Here is (Kol 4: 7, Ef 6: 21). Die term is selfs gebruik in verband met Christus, Paulus, die apostels, Timotheus (1 Thess 3:2), Tigikus (Kol 4: 7), Epafras (Kol 1: 7) en ook vir Febe (Rom 16: 1). Die woord is so dikwels gebruik op persone wat nie diakens in die besondere amp was nie, dat 'n noukeurige verrekening aan al die verskillende aanwysers in die tekste en hulle tekstuele konteks gegee moet word voordat verklaar kan word dat die betrokke persoon in die besondere amp van die diaken benoem was. In die meeste gevalle waar dit wel so is, is dit maklik. Van die meer as 30 kere waar die woord "diakonos" in die Nuwe Testament voorkom, is daar slegs 4 plekke waar eksplisiet na die Besondere amp van diaken verwys word (Fil 1:1, 1 Tim 3:8, 12, 13). In die ander gevalle is dit meestal maklik omdat die omringende teks aanwys dat die persone wat "diakonoi" was, amptelik as apostels of evangeliste of tafelbedieners opgetree het. Febe is in die opsig 'n uiters moeilik-bepaalbare geval, aangesien sy in die laaste groete genoem word tesame met die goeie hoedanigheid waarin die apostel haar onthou, sonder om die nadere substansie daarvan weer te gee. Waar eksplisiete aanwysings uit die teks in die geval van Febe ten gunste van dieselfde amp van diaken waarin die manne gedien het, nie hier aanwesig is nie, en waar die res van die voorskrifte oor die dienswerk van die vroue nie die leer-en-regeer funksies van die besondere amp van die diakens (Hand 6) toelaat nie, verkondig die geheel van die Bybel dat die vroue nie

tot die amp van diaken nie, en tot geen een van die besondere ampte aanwysbaar of bevestigbaar is nie, maar dat hulle hulle unieke en besondere gawes in die gemeente ook as dienaar en in die orde van die weduwees (1 Tim 3: 11 en 1 Tim 5: 9 vv) onder die leiding en toerusting van die broeders in die besondere ampte moet verrig. Dit is juis sò dat vroue in die Bybelse tyd, in die vroeë Nuwe Testamentiese kerkgeskiedenis, in die tyd van die Reformasie en die na-Reformasie diensbaar was in die kerke.

### 3.2.4 'n Algemene beredenering

1. Die Bybel leer dat God die mens binne in 'n patriargale huishouding geskape het, dat Hy verbondsmatig en koninkrykmatig in hierdie konteks met die mens optree en dat in sy gemeente hierdie goeie skeppingsorde in Christus onderhou moet word. (vgl Huweliksformulier).
2. Gevolglik leer die Bybel dat die amp van die diaken uitgeoefen moet word met en vir mense wat binne die normale konteks van 'n huishouding funksioneer.
3. Die Bybel leer dat die besondere amp van die diaken 'n uitvloeisel is van die apostelamp, soos ons dit in Hand 6 leer.<sup>1</sup>
4. Die Bybel leer dat die amp van die diaken inhou dat die daaglikse versorging op 'n verantwoordelike manier met gesag, met kontrole, en met lering behartig moet word. (Kyk art 25 KO en bevestigingsformulier vir Diakens)
5. Die funksionering van die besondere ampte (ook van die diaken) mag nie 'n vrou se taak en plek in haar eie huis nie, en ook nie in 'n ander huisgesin waar bediening gedoen moet word, God se gegewe orde versteur nie.
6. In daardie sin geld dan alreeds die *algemene* lering vir die optrede van mans en vroue in die gemeente, soos wat hulle binne hulle normale sosiale strukture in die amp van die gelowige optree (1 Kor 11).
7. Wanneer dit by die ampsdiens kom, so leer die Bybel ons, word in besonder van die ampsdraers verwag om onder andere oor die manne (en alle lidmate van die kudde) in die naam van die HERE te regeer, en hulle te leer, te vermaan, en tereg te wys. (1 Tim 3). Hierdie aktiwiteite van heers oor – en leer van die manne van die gemeente is nou juis aktiwiteite wat vir die vroue in die normale of algemene godgegewe ekonomie verbied word, so leer die Bybel ons.
8. En so geld die ordelike opdragte vir die vroue in die algemene inrigting van hulle huishoudings meer toegespits op die praktyke van die dienswerk van die besondere ampte. Indien dit noodsaaklik is dat die vrou in die algemeen nie die Godgegewe orde vir haar eie gesin en ander gesinne mag versteur nie, soveel te meer by die uitoefening van die besondere ampte. En wanneer sodanige versteuring van die godgegewe orde onder normale omstandighede deur haar optrede verbied word, soveel te meer is dan die ampsdiens vir haar uitgesluit,

---

<sup>1</sup> Kyk die Bydrae van L Floor in die bundel '*die koninkryk van God*' (1969) p 234 e.v.

omdat die ampsdiens juis regering en gesagvolle instruksie, vermaning, teregwyding insluit - ook die diakenamp. Wanneer strydig met die opdragte van die HERE vroue in die besonder ampte aangestel word, sal hulle groot en belangrike take van die ampsdiens nie kan verrig nie omdat hulle nie oor die manne mag heers of hulle leer nie.

9. Waar die sinode tog besluit het om dinge te verorden wat Christus ons nie beveel het nie, bygenome dat die praktyke wat hieruit moet voortvloei sal neerkom op dade wat Hy verbied, is dit in stryd met wat ons in artikel 32 NGB bely en moet ons dit dus van harte verwerp...
10. Christus het met die aanwysing van sy apostels, ook met die aanwysing van die nuwe 12e apostel, asook met die voorwaardes by en bevestiging van die sewe diakens duidelik laat weet wat hulle “kwalifikasies” moet wees, onder andere dat hulle manne moet wees.
11. Terselfdertyd het Hy op verskeie plekke pertinent sekere gedragswyses vir vroue verbied, dinge wat juis noodsaaklikergewys in die ampsuitoefening gedoen moet word.
12. Die twee gegewens bymekaargeneem, maak die gevolgtrekking dat susters nie tot die besondere ampte verkiesbaar is nie. Aangesien die Sinode ’n ordening goedgekeur het, waarvan die uitvoerders take sal moet doen wat God hulle vooraf verbied het, mag ons dit nie vir uitvoering deurgee nie, maar ons moet dit van harte verwerp (NGB art 32).
13. Daarby dien dit vermeld te word dat die Christeljk Gereformeerde Kerke in Nederland, ’n kerkegemeenskap met wie ons reeds vir baie dekades engere korrespondensie handhaaf, in hulle jongs-gehoue sinodes 1988 en 2001 uitgebreide rapporte oor die plek en taak van die vrou in die kerk uitgebring het, waarin die besondere ampte nie ’n Bybelse aangewese plek en taak vir die vrou bevind is nie. Die rapporte kan by die volgende webtuiste gevind word <http://www.cgk.nl/synode/Besluiten%20synode2001.htm>
14. Die jarelange studie rakende die vrou in die amp, het tot gevolg gehad dat die Sinode van 2000 ’n duidelike opdrag gegee het aan nuwe deputeate om ’n studie te doen oor die vrou se plek in die kerk. Dit het nie gerealiseer nie. Wat wel baie duidelik is, is dat die kerke oor die jare nie die vrou in haar amp as gelowige, koning / priester / profeet, ten volle benut het nie. Dit opsigself word beklemtoon deur die jarelange studie juis oor die vrou. Spesifiek die roeping van vroue in die kerk moet daarom, as slot-antwoord van ons skrywe aan u, dringend aandag kry. Vroue beklee immers as Christene die ampte van koning, priester en profeet, en moet in al die opsigte gemotiveer- en toegelaat word om voluit betrokke te wees in die kerklike lewe. Selfs nie ’n breë kerkraadsvergadering is geslote vir gemeentelede nie, en spesifiek ook nie vir vroue nie. Ons moet bereid wees om te erken dat vroue nie genoeg en korrek gebruik word in kerke nie. Kerkrade mag nooit in die pad staan van **Christus se opdrag** aan vroue om al drie die ampte van elke gelowige te beklee nie.

## 4 Konklusie

Op grond van die beredeneringe in hierdie verantwoording, en in die wete dat die ampsdraers van hierdie gemeente in hulle persoon verantwoording aan ons Opperherder moet doen oor die wyse waarop ons hierdie gemeente gelei het, verwerp die Gereformeerde Kerk die Kandelaar die sinode van 2003 se besluite oor die 2001-omdigting en oor die vrou in die amp van diaken as onbybels en strydig met die Gereformeerde Belydenis en ons kerkorde. Ons verwerp met ons hele hart alles wat nie met die onfeilbare reël (die Bybel) ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: “...*maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is*” (1 Joh 4: 1) en: “... *As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie...*” (2 Joh :10) (NGB art 7). Gedagtig aan ons belydenis uit die NGB vereenselwig ons ons met die motief en doel van Guido de Brès, aangesien dit uit sy eie verantwoording by die opstel van die NGB duidelik was dat hy dit nie in die oog gehad het om die kerk te verskeur nie, maar op te roep tot bekering en so weer in Christus – en nie in ons eie idees nie - te verenig. Net so ook, in alle ootmoed en die erkenning van ons eie vele tekortkominge, roep ons die kerke en medegelowiges terug na die Woorde van Christus toe (Joh 15). Ons wil van ganser harte die eenheid van die kerk van Christus bewaar (Ef 4) en soek met almal, as lede van een en dieselfde gemeenskap, wat hulle ooreenkomstig die Woord van God gedra (NGB art 29) en alles wat daarmee in stryd is verwerp, en Jesus Christus as enigste Hoof erken, die hartlikste geestelike gemeenskap.

Hierdie verklaring tesame met sy oproep tot wederkeer word aan al die gemeentes in die kerkverband bekendgemaak. Dit is ons innige bede dat al die kerke in die verband van die GKSA getrou in hulle leer, diens en tug sal wees en aan die merktekens van die ware kerk van Christus teenoor die valse kerk (artikel 29 NGB) sal vashou.

Ons versoek is dan ook hierby:

1. Dat u hierdie dokument in behandeling sal neem met die oog daarop om die argumente wat hierin vervat is, vir u rekening te neem.
2. Dat u ook u besluit in verband met die saak aan die gemeentes in ons kerkegemeenskap deurstuur met dieselfde versoek aan hulle.
3. Dat u hierdie dokument ook na u klassis en daarby behorende meerdere vergaderings sal deurstuur vir optrede. Die doel is om ’n spesiale sinode byeen te roep om die onrus wat in die kerkverband heers, by te lê deur die onbybelse besluite nietig te verklaar.

Namens die kerkraad van die Gereformeerde Kerk die Kandelaar.

Vasgestel op Maandag 7 April 2003.



## Bylae 1:

# Ons gemene akkoord?

Die betrokke besluite van die sinode tesame met 'n verskeidenheid van tendense in die GKSA wat reeds verskeie jare waargeneem is, vorm deel uit van 'n groot saak waaroor ons treur. Enkele van die tendense is onder andere die eiesinnige gebruik van individuele kerkies by die nagmaal, die neiging tot afskaffing van eredienste, veral die leerdienste, 'n losbandige Sondagkultuur, die ineenstorting van die Christelike dissipline, en die al hoe meer ongekwalifiseerde samewerkingspraktyke met die deformerende NG Kerk. Dit is alles vrugte van die post-moderne tydsges wat oor die algemeen deur die aanvaarding van 'n skrifkritiese Bybelverklaring geregverdig word. 'n Uitgebreide verteenwoordiging van hierdie teologie vind ons in die populêre en bekroonde publikasies, *Die Bybel in Praktyk*, 1993 asook die *Bybellennium*, 2000. Die mens poog om met buite-Bybelse kontekste asook hedendaagse kontekste oor die grammatikale betekenis van die Bybelteks te heers/kritiseer. Die Skrif leer ons: "... en as jy die wet oordeel, is jy nie 'n dader van die wet nie, maar 'n regter." (Jak 4: 11b).

## 1.1 Oor die Psalms

Jesus Christus sê in Markus 8:38:

*"Elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele."* (Dieselfde woorde vind ons ook in Lukas 9:26.) Laat ons nie vergeet met watter konteks en bedoeling Jesus dit gesê het nie. Dit gebeur immers in situasies waar ons onder die versoeking of beproewing gestel word om nie aan Hom die erkenning te gee wat Hy van Homself getuig nie.

Die oordeel oor die 2001— omdigting is skerp: Hierdie beryming het hom vir ons Verlosser Jesus Christus **geskaam** deur die messiaanse verkondiging uit die Psalms te verwyder. Dit het vir die kerke 'n verleentheid geword om daaraan vas te moet hou dat Dawid deur die Gees van Christus gespreek het. En nou beveel die sinode aan dat die kerke op hierdie pad hulle al singende sal skaam vir Jesus Christus. Dit was vir ons Heiland 'n saak van die open van die verstand, 'n saak van insig in die Skrifte, dat sy dissipels sou weet en verkondig hoedat die Psalms van Hom gespreek het (Luk 24). Die Gereformeerde Kerk die Kandelaar wil hierdie insig nie prysgee nie, en ons wil die Heilige Gees nie bedroef deur materie en insig uit die Psalms te verwyder wat Hy in sy Alwysheid vir ons goedgevind het om te sing en te bid – en dit te vervang met wat ons self goeddink nie. Ons roep ons mede kerke in die gemeenskap van die GKSA op om in gehoorsaamheid saam met ons te bly by ons gemene akkoord soos verwoord in die Skrif, die Belydenis en die kerkorde.

## 1.2 Oor die vrou in die amp

Weet die Gereformeerde teoloë van die 21ste eeu beter as die teoloë van die twintig eeue vóór hulle? Is dit korrek om te glo dat hoe verder ons in tyd verwyder is van die oorspronklike ontstaanstyd van die Bybelse geskrifte, so raak ons kennis daarvan beter en beter? Het die sinode se adviseurs 'n beter kennis van die Bybel en die Griekse taal as Hieronimus van die 4de eeu, beter as Augustinus van die 5de eeu, beter as Luther en Calvyn van die 16de eeu, beter as Bogerman van die 17de eeu (almal Bybelvertalers uit die Grieks), beter as Voetius van die 18de eeu, beter as Kuyper en Bavinck van die 19de eeu, beter as Greijdanus, J.D. Kestell en J.D. du Toit (Bybelvertalers) van die 20ste eeu? Almal persone wat in hulle erkenning van die ryke diakonia van die vrou in die kerk nogtans dit nie in dieselfde orde verstaan het as die ampsdiens van die sekere mannebroeders wat volgens Hand 6 ingestel is nie. En dan die belangrikste: Weet die gereformeerde teoloë van die 21e eeu beter as die Heilige Gees wat ons leer dat die man en die vrou die geskape orde waarin God hulle geskep het in ere moet hou, en dat die vrou om hierdie onveranderbare rede nie oor die man mag heers of hulle leer nie?

In kort: Die sinode het nie goeie eksegeese gedoen nie en het ook nie van die uitnemende werk van gereformeerde eksegete in die kerkgeskiedenis wins gemaak nie. Op dié biblisistiese klankeksegeese van die voorbeeld van Febe, en die skrifkritiese verwerping van die regstreekse voorskrifte van die apostels aan al die kerke van die Nuwe Testament (mooi kontekstuele argumente ten spyt) mag geen betroubare argumente gebou word en besluite geneem word nie. Die winde van die tydsges het deur die kerkvensters gewaai. Op grond van so 'n gebrekkige en oppervlakkige teologie, verwerp ons dus ook die sinode se besluit oor die vrou in die amp en roep ons mede-gemeentes op om met ons hierin saam te gaan.

# Uitvoering van artikel 31 van die Kerkorde

Volgens artikel 31 van ons Kerkorde het elke gemeente in die verband van die GKSA nie alleen die vryheid nie, maar ook **die roeping** om elke besluit van die sinode te toets of dit ooreenkomstig die Heilige Skrif en die Gereformeerde Belydenis en kerkorde is en om bevindings (“bewyse”) aan kerke van ons kerkegemeenskap te kommunikeer.

Die ter sake gedeelte van die artikel lui soos volg:

*Wat op ’n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met God se Woord of die artikels van die Kerkorde.*

Die Bybelse bevel wat die fondament van artikel 31 K.O. is, word onder meer aangehaal in die slotwoorde van art 7 NGB: “*Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan*” (1 Johannes 4:1). Die konteks van die paragraaf en die brief van Johannes het dit oor ’n akuele voorbeeld uit die dwaalleer van die Gnostieke leraars. Hulle het die ware mensheid van Christus misken. Johannes neem egter die verbondsopdrag tot die toetsing van die profete oor soos dit reeds uit Deut 13:1 – 5 kom met die verskeie wyses hoe die misdaad van valse profesie herken kan word en behandel moet word en soos wat dit in ’n oormag van tekstmateriaal deur die res van die Skrif ontvou word.

## Deut 13

- |  |   |
|--|---|
| <p>1 As ’n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou ’n teken of wonder aankondig,</p> <p>2 en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander gode aan loop—wat jy nie geken het nie—en hulle dien,</p> <p>3 dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want die HERE julle God beproef julle om te weet of julle werklik die HERE julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel.</p> | <p>4 Julle moet die HERE julle God navolg en Hom vrees en sy gebooie hou en na sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang.</p> <p>5 Maar dié profeet of dié man wat as dromer optree, moet gedood word, want hy het afval verkondig van die HERE julle God wat julle uit Egipteland uitgelei en jou uit die slawehuis verlos het, deur jou af te drywe van die weg wat die HERE jou God jou beveel het om daarop te wandel. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei.</p> |
|--|---|

Dat die kerkvolk sedert die Ou Testament reeds die roeping gehad het om die woorde van die profete te toets was dus nie nuut of vreemd nie. Hierdie algemene

roeping is deur Jesus self bevestig in die bergrede, Matt 7: 15 e.v. soos dit besondere betrekking het op die leer van die Fariseërs en hulle vrugte,

Mat 7

- |    |   |    |   |
|----|---|----|---|
| 15 | Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is.  | 19 | Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.  |
| 16 | Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie! | 20 | So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.  |
| 17 | So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte.                           | 21 | Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. |
| 18 | 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie.            |    |   |

en in sy profetiese rede (Matt 24: 24 e.v.) t.a.v. die Charismatistiese godsdienste met hulle tekens en wonders.

Mat 24

- |    |   |    |   |
|----|---|----|---|
| 24 | Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorens te mislei. | 25 | Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê.   |
|    |   | 26 | As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn—moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer—moet dit nie glo nie. |

Dieselfde doen Paulus ook in 1 Tim 4 t.a.v mense wat die Joodse wettisisme weer wil invoer,

1Tim 4

- |   |   |   |   |
|---|---|---|---|
| 1 | Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang | 3 | wat verbied om te trou en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken. |
| 2 | deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete,   |   |   |

en Judas (v 17 e.v.) doen dit t.a.v spotters wat volgens hulle eie goddelose begeertes wandel. Die algemene roeping word telkens bevestig en aangewend op 'n aktuele voorbeeld uit die midde van sy lesers.

Hierdie selfde 'algemene' Bybelse roeping om die hedendaagse profete te toets aan die woorde van die profete van die Ou Testament en die apostels van ons Here Jesus Christus (2 Pet 3: 2 e.v. asook Judas 1: 17 e.v.) het Guido de Brès en die

gereformeerde kerke sedert die sinode van Dordrecht 1618-19 as belydenis van ons geloof uitgedruk in die NGB art 7. Daar pas ons dit toe op die volkomeheid, gesag en die genoegsaamheid van die Skrif as Woord van God - gerig teen die wat dit aantas.

Artikel 7: Die volkomeheid van die heilige Skrif

..... Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of die opvolging van tye of persone, of kerkvergaderings of verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want dié waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit

hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (#Ps 62:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: Ondersoek elkeen, ondersoek of sy gees van God afkomstig is (#1Joh 4:1). En: As daar iemand na julle toe kom wat 'n ander leer bring, moet julle hom nie in julle huise ontvang nie (#2Joh 1:10).

Dit is dus duidelik dat in ons belydenis hierdie opdrag om die geeste te beproef nie alleen eng ten aansien van die mensheid van Christus gesien word nie, maar ten aansien van die volle getuienis van die Gees van God, naamlik die hele Skrif en ons Skrifverkondiging (NGB artt 3 – 7). Ons is geroep om die roepstemme wat ons hoor te toets en alleen die stem van die “Goeie Herder” te volg en nie enige ander vreemde stemme nie (Joh 10).

Joh 10

4 En wanneer hy sy eie skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit; en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken.

5 Hulle sal 'n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken nie.

## 13. Die aanloop

Die feit dat die sinode 2003 die betrokke besluite geneem het, was 'n teleurstelling, dog nie 'n ontnugtering nie. Die gevaartekens wat die weg hiervoor voorberei het, was vir meer as 'n dekade reeds merkbaar. Daar is ook oor die gevaartekens en waartoe dit sou lei, in verskillende geskrifte by herhaling gewaarsku, maar dit kon blykbaar 'n goedgelowige kerkvolk aan die een kant, en 'n meedoënlose akademiese gees aan die ander kant nie tot insig en inkeer bring nie. Die noodwendige gevolg is dat dit eindelik, as op hierdie weg nie radikaal omgekeer word nie, verbreking van die geloofseenheid sal plaasgevind soos 'n damwal wat begin kraak, en eindelik breek met die gevolge daarvan. Hieronder word twee van die vernaamste dinge genoem wat as die angswekkende grondoorsake van die gewraakte sinodebesluite beskou word, en wat na ons vrese grondoorsake sal wees vir 'n hele reeks van ongeldige besluite wat in die jare wat volg, geneem sal word – tensy daar 'n radikale wonderwerk (dit is ons innige gebed en roepstem) van grondige bekering terug na die gehoorsaamheid aan Gods Woord sal plaasvind.

### 2.1. Ongeldige Skrifhantering

Nadat die Sinode 1985 die 1983-Afrikaanse vertaling van die Bybel (NAV) vir gebruik in die kerke aanbeveel het, het daar verskeie besware gedien teen die aanvaarding daarvan. Alhoewel daar erken moet word dat daar sekere Bybelboeke is wat uitstekend in die NAV weergegee is, het hierdie kerk onder meer oor die vertaling van die boek Psalms ernstige besware ingehandig wat onder meer ingehou het:

- dat van die Oosterse koloriet wegbeweeg is,
- en van die oorspronklike taaluitdrukings - besonderlik verbondsbegrippe wegvartaal is
- en die aanduiding van dié teksgedeeltes wat deur die res van die Bybel as Messiaanse verkondiging aangehaal word, weggeneem is.

Hierdie besware is telkens deur die sinodes met relativerende argumente afgewys. Eindelik het hierdie kerkraad bewus besluit dat voortaan slegs die 1933/53 vertaling in samekomste van die gemeente gebruik sal word. Dit is by sinodegangers en kerke bekend dat die besware oor die vertaling nog nie gaan lê het nie, en dat daar selfs weer tydens Sinode 2003 besware daarteen ingebring is. Die resultaat van kerklike korrespondensie en die herhaalde verwerping van besware in hierdie aangeleentheid, is dat die 1983-vertaling in 'n groot aantal gemeentes alleen gebruik word, selfs sonder onderskeiding waar daar op verskeie plekke of boekdele beslis swak vertaal is.

Intussen het populêre Bybelverklarings asook nog meer vrye vertalings/parafrases die lig gesien, waaronder: Die Bybel in Praktyk, die Bybellennium, Die

Boodskap, Die Evangelie vir kinders e.s.m. waarin van 'n geheel ander benadering as die Gereformeerde benadering uitgegaan word. 'n Nuwe benadering wat sogenaamd op die jongste teologiese navorsing berus. Hierdie teologiese navorsing versterk die aandrag om ons lewenspraktyke sterker te laat beredeneer vanuit bronne wat buite die Bybel bestaan het in die tyd toe die teks sou ontstaan het, met die verskoning dat dit in lyn met ons Grammaties Historiese verklaring is, en ook met die argument dat die veranderende buitebybelse omstandighede ons ook noodsaak om die Bybel telkens anders te verstaan. Laasgenoemde is ons insiens deel van die redes waarom nie alleen sekere problematiese gedeeltes van die 1983-vertaling nie, maar ook verskeie teologiese produkte sedert die ingebruikneming van die 1983-vertaling in ons kerklike lewe meer aanvaarbaar geword het.

Sosio- historiese of kultuur- historiese agtergrondgegewens wat uit bronne buite die Bybel om versamel is, word gebruik om oor die integriteit, die betekenis asook die geldigheid van die Bybelteks te heers. Praktiese implikasie hiervan is dat die Bybel nie meer vir die gewone gelowige toeganklik of verstaanbaar is nie, maar alleen vir die slim en geleerde mense wat toegang het tot bronne buite/agter die Bybel, en die kerkvolk is weer leke soos in die donker Middeleeue wat vir hulle verstaan van die Bybel, afhanklik is van die integriteit van geleerdes wat volgens hulle menslike oordeel inligting agter die Bybel uitkies wat hulle as “ingewydes” nodig vind vir die leke om die teks te verstaan.

Die gereformeerde standpunt van “*Sola Scriptura*” (Alleen die Skrif) en “*Sacra Scriptura autopistos est*” ( Die heilige Skrif besit die grond van geloofwaardigheid in homself) en van “*sacra Scriptura sui ipsius interpres*” (Die Heilige Skrif is sy eie interpreteerder) en “*sacra scriptura supremus index controversarium est*”. (Die heilige Skrif is die absolute/hoogste arbiter van leer-waarheidsgeskille)<sup>2</sup> ... gaan daarvan uit dat die Skrifteks self genoegsaam is om die integriteit, die betekenis en die geldigheid van 'n skrifteks te bepaal (NGB artt 3 - 7). Ons glo en bely ander bronne naas die Skrif is nie nodig nie (2 Tim 3: 16, 17), maar kàn wel nut hê en måg alleen geldig aangewend word om die Skrifteks se integriteit, betekenis en geldigheid te verhelder, te bevestig, te bekragtig en te verdedig, maar nie te onttrag, nie te ontken, nie ongeldig te maak, nie te ontbind en nie die betekenis vas te stel nie.

Prof Schilder (1928, 44)<sup>3</sup> se standpunt is ook hierby waardevol: “ dat wetenskaplike ondersoekingen, die buiten de Schrift omgaan, nooit een bindende maatstaf voor ons geloovig denken zijn. Aanleiding kunnen, mogen, en moeten ze zelfs, altijd zijn voor nadere toetsing van ons inzicht, omdat wij ons kunnen vergist hebben in onze bewering; Dit zegt de Schrift; maar maatstaf mogen ze nooit zijn; zoodat, wanneer het zéker is: dit en dat is door de Schrift geleerd, geen enkele wetenschap zich ooit als rechter over de Schrift stellen mag.” Die Wetenskap dwing ons telkens weer om te gaan kyk wat sê die teks van die Bybel eintlik, maar

---

<sup>2</sup> S Greijdanus (1946) *Schriftbeginselen ter Schriftverklaring*, Kampen, p 145.

<sup>3</sup> K Schilder (1928) *Een hoornstoot tegen Assen?: Antwoord op een conscientiekreet*, Kampen.

telkens op so 'n wyse dat altyd weer die teks self in haar samehang met haar tekstuele konteks en die hele Bybelse konteks die finale seggenskap het oor haar integriteit, betekenis, geldigheid.

Dit is dus ongeldig dat ons mag toelaat dat enige bronne langs die Bybel oor die betekenis van die Bybel in enige mate heers. Wanneer ons so-iets sou toelaat, beland ons in die ongeldige Skrifgebruik om na eie goeddukke weg te neem of by te voeg, 'n daad wat deur God met die sterkste oordele ontmoet word (Deut 4:2, Openb 18, 19). En dit is wat na ons waarneming met die betrokke sinodebesluite gebeur het. Na die stukke wat by die sinode gedien het, die minderheids- en meerderheidsrapporte van die kommissies en die deputate is noukeurig gekyk en die argumentasie wat daarin gebruik is en die besluite wat geneem is, is beoordeel. Daar is ook gekyk na beswaarskrifte en beskrywingspunte wat oor die betrokke temas by die sinode gedien het en hoedat dit beantwoord is. Dit is ons waarneming dat bronne buite, langsaan en agter die Bybel 'n ongeoorloofde rol vervul het oor die bepaling van die betekenis en die geldigheid van die skrifgedeeltes wat hanteer is.

## **2.2. Onbehoorlike prosedures**

Dit is aangetoon dat die sinodes van etlike aantal jare hulleself uitgespreek het oor die vereistes waaraan lidere moet voldoen en ook gekeur moet word. 'n Volledige weergawe van die vereistes is deur die kommissie minderheidsrapport aan die sinode gegee, maar die sinode het dit nie per argument beoordeel het nie, maar gewoon afgestem. Deputate wat die beoordeling van die 2001-omdigting moes doen en die kommentaar van kerke vir die sinode rapporteer, het gewoon daardie maatreëls verbygegaan en die sinode het 'n produk vir gebruik aanbeveel sonder om dit volgens die vasgestelde kriteria goed te keur soos die kerkorde art 69 orden. Andersyds was daar verskeie onordelikhede wat die besluitneming oor die taak en plek van die vrou in die kerk beheers het. Die belangrikste hiervan sekerlik die feit dat die deputate opdrag gehad het om die positiewe taak en plek van die vroue – buite die ampsdiens te bestudeer, aangesien daar in die studiewerk wat oor etlike jare – selfs dekades gegaan het, die sinodes van oordeel was dat die Bybel weens die besondere take van die ampsdiens, die vroue nie in die besondere ampte stel nie. Nou het die sinode 2003 toegelaat dat sy deputate buite hulle mandaat om die kerke druk om 'n besluit van verkiesbaarheid tot die amp van diaken te neem. En met die opdrag om oor enkele sogenaamde beweerde los drade van vorige studiewerk te handel het die deputate die verkiesbaarheid van vroue tot die amp van diaken by die sinode voorgedra terwyl hulle erken het dat daar nie afdoende skriftuurlike gronde vir die voorstel is nie. Hierdie ontstellende gebeure word hier bloot genoem sonder om dit uitgebreid bloot te lê. Dit is veel belangriker dat die ongeldigheid van die besluite se inhoud die grond is waarom die besluite verwerp moes word.



## Bylae 4

# Kerkverband Gemeenskapsbeoefening, nie struktuur bou nie

*Kerkverband is nie 'n liggaam, 'n struktuur of selfs die kerk as sulks nie, maar 'n aksie van gemeenskap wat ons om die geloofsband van die eenheid van die Gees ywerig moet soek en beoefen!*

### Ons gesprekke oor die algemeen:

Ons praat dikwels oor vraagstukke wat met die kerkverband te doen het. Die woord **kerkverband** kom egter nêrens in die Bybel voor nie. Ander woorde wat in die omgangstaal ook hiervoor gebruik word, is **denominasie**, of mense praat oor jòu **kerk** en my **kerk** en bedoel daarmee 'n groot landelike **struktuur** bestaande uit individuele gemeentes met dieselfde logo, etos en kenmerke wat mekaar erken. Of daar word gepraat oor **kerkgenootskap**, soos goewerneurs Jansen en de Mist dit in hulle ingevoerde Kerkwet aan die Kaap beskryf het. Of 'n mens praat oor verskillende **kerkfamilies**. En as die een of ander instansie poog om op te tree ten behoeve van alle kerkegemeenskappe, stel hy homself bekend as **interkerklik** of as **interdenominasioneel**.

Buitestaanders neem sekere politieke of maatskaplike toestande waar en vra: Wat doen **Die Kerk**? Wanneer 'n lidmaat of gemeente nie presies dieselfde dinge doen as al die ander lidmate en gemeentes nie, dan sê ons dat so 'n lidmaat of gemeente **kerkverband verbreek**. En selfs verder: Wanneer so 'n lidmaat of gemeente dan sogenaamd met die kerkverband gebreek het, dan sê ons so iemand is **buite die kerkverband**. En dan gebeur dit ook dikwels dat mense aan so 'n persoon die sonde toeskrywe van **kerkskeuring** omdat so 'n persoon of gemeente se optrede, anders as die ander se optrede, blykbaar die kerkverband, die denominasie (lees as die Kerk) verbreek of geskeur het.

### 'n Diep gewortelde geskiedenis.

Wat dit nou so interessant maak, is dat die denkstruktuur van sulke praatjies alles nog op een of ander manier verwant is aan die Rooms-Katolieke denke wat tot en met die 16e eeu vir die tragiese deformasie van die kerk verantwoordelik was, en waaruit die Reformasie gebore is. NGB art 29 toon die gedrag van die valse kerk, veral die Roomse kerkverbandelike struktuur, soos die konsilies se uitsprake en die gevreesde inkwisisie.

Die Reformasie wou egter nie net van die immorele gedrag van die Roomse kerk ontslae raak nie, maar ook van die kerklike struktuur wat tot sulke tirannie aanleiding gegee het.

Om die reformasie enduit in ons Bybelse denke deur te voer en te handhaaf, is egter nie so maklike saak nie. Dit was waarskynlik een van die redes waarom Luther by geleentheid opgemerk het: In elke Gereformeerde hart leef daar 'n pous. Ons raak net nie so eenvoudig verlos van die Roomse denkwysie nie, omdat ons steeds 'n sondige natuur het met sy geneigdihede waarteen ons nog elke dag moet stry.

Gedagtig aan die wyse waarop die ware kerk en die valse kerk volgens NGB art 29 onderskei word, blyk dit dat nie net die spesifieke optredes van die valse kerk verwerp moet word nie, maar ook die hele struktuur en kerklike konsep van waaruit die valse kerk haar optredes dryf. Uit die kenmerke van die ware kerk volgens NGB art 29 is dit opmerklik dat net aktiwiteite en kenmerke beskryf word wat 'n mens in 'n plaaslike gemeente vind.

Die gelowige word aangesê om die ware kerk te gaan soek om daarby aan te sluit waar die lidmate ernstig daarna strewe om in alles aan Christus gehoorsaam te wees. Die ware kerk is 'n sigbare kerk; dis 'n plaaslike gemeente. Die Bybelse kerkbegrip wat ons as die kenmerke van die ware kerk in art 29 NGB bely, is nie die kerkverband as kerklike struktuur nie. Kerkverband is nie kerk nie. Die ware kerk gaan soek mens dus ook nie in iets soos 'n kerkverband nie. Die ware kerk openbaar haarself in 'n plaaslike gemeente.

### **Enkele Bybelse gegewens hieroor**

Die Here het sy wil in verband met die kerk, oor haar lewe en oor haar handeling geopenbaar deur wat Hyself gespreek en gedoen het, en wat Hy daarna in en deur die diens van sy dissipels/apostels geopenbaar het - soos wat dit met Goddelike gesag vir ons in die Heilige Skrif meegedeel word.

Dan laat Hy ons weet dat Hyself sy gemeente bou (Matt 16: 18). Hy ken sy skape (Joh 10: 14), Hy roep hulle by die naam (Joh 10: 3), “een, een gebore uit die volkeskaar” (vgl Jes 43: 1 ev), en deur hulle individueel by die naam te ken en te roep, lei Hy hulle uit en bring hulle saam tot één kudde (Joh 10: 18). Daarom is Hy ook bekend as die “Opperherder” (1 Petr 5: 4; Hebr 13: 20). En dis nie maar net 'n figuurlike of metaforiese spreekwyse nie, maar juis daarin 'n hoogste werklikheid, 'n uitdrukking van die Here Jesus se aandag, sorg, beskerming vir en met sy hele Kerk gesamentlik en elke lidmaat afsonderlik deur al die eeue heen en elke oomblik (vgl HK So 21). Hy het immers belowe: “Ek is met julle, al die dae tot aan die voleinding van die wêreld” (Matt 28: 20). Dit het Jesus immers nie maar net vir sy elf dissipels bedoel nie, want hulle sou nie tot die oordeelsdag lewe nie. Maar in hulle het Hy tot die hele kerk en al die lidmate van al die eeue gespreek wat deur hulle woord tot geloof sou kom (Joh 17).

So gehoor is dit aangrypend om te besef dat die Here Jesus in die besondere sin van die woord by sy kerk aanwesig is, oral en op alle plekke waar dit vergader word, en dus by elke vergadering van die ampsdraers van sy gemeente waar die sorg van sy gemeente deur hulle diens behartig word. Hy het ook belowe dat waar twee of drie in sy Naam vergader, daar is Hy in hulle midde (Matt 18: 20). Hy het byvoorbeeld

aan Johannes verskyn en ook in sy visioen aan hom getoon dat Hy teenwoordig is en opmerkzaam wandel tussen die sewe goue kandelare (Openb 1: 13; 2: 1).

Hy dra eerstehandse kennis van sy

- hele universele kerk (Hy beweeg tussen almal deur)
- van elke gemeente (Hy sien elkeen waartussen Hy beweeg, individueel aan soos blyk uit die sewe briewe, aan elkeen respektiewelik)
- van elke enkele lid van die kerk (Hy verskyn aan Johannes, en noem in die briewe die name van verskeie individue).

En van elkeen sê Hy telkens dat Hy hulle werke ken, hulle armoede, hulle moeites, hulle volharding, hulle sonde, hulle lief en leed. (Openb 2: 9, 13, 19 ea).

Die Here gebruik ter wille van die opbouing en versorging van sy gemeente ook mense en allerlei instrumente en organe. Hy het vir sy dissipels beveel om heen te gaan en te preek (Matt 10). “Net soos die Vader My gestuur het, stuur ek julle ook” (Joh 20: 21). “Wie na julle luister, luister na My” (Luk 10: 16).

Maar al het hierdie instrumente ook opgetree, het hulle nooit die Here Jesus self vervang nie. Dit was nooit so dat hulle nou sy eintlike werk sou oorneem, terwyl Hyself terugstaan en niks meer doen nie. Nee, Hy werk self aktief en intensief in en deur hulle dienswerk. Ook werk Hy ook nog sonder bemiddeling regstreeks, want ons lees dat Paulus plant, Apollos maak nat, maar dit is God wat laat groei en wasdom gee (1 Kor 3: 6).

Verder het die Here geopenbaar dat sy kerk ’n geestelike eenheid is. Daarom noem Hy dikwels sy kerk, sy Volk. Hy noem haar sy gemeente (Matt 16: 18) en Hy bedoel om sy kerk te vergader tot één kudde (Joh 10: 16). Sy word voorgestel as die Huis van God (1 Tim 2: 15), en God se Tempel (1 Kor 3: 16), en dit is die liggaam (enkelvoud) van die Here (Kol 1: 24).

Almal wat so deur die Vader aan die Seun gegee is, en wat deur Hom vrygekoop is, vorm ’n groot geestelike eenheid soos ’n menslike liggaam, waarvan al die gelowiges soos lede van die liggaam is (Rom 12: 5), ledemate wat elkeen besondere gawes en roepinge het (Rom 12: 6, 1 Kor 12: 4 – 27), maar hulle hoort almal bymekaar soos een organiese eenheid, in harmonieuse samelewing met Christus as Hoof (Ef 1: 22 – 23; 4: 16).

So vorm al die plaaslike kerke reg oor die hele aarde ’n innerlike geestelike eenheid (Ef 4: 4 – 5). In hierdie sin gaan die geheel van alle kerke ook aan die totstandkoming van een plaaslike kerk vooraf. Die diepste eenheid van die onoorsienbare kerk van gelowiges oor alle eeue en alle plekke is geleë in die uitverkiesing voor die grondlegging van die wêreld (Ef 1: 3 ev). Die één onoorsienbare universele kerk van die Here bestaan eerste en primêr, voordat dit sigbaar plaaslik instutêr gestalte verkry, hier en daar op verskillende plekke.

Meestal kom die kerk ook eers plaaslik tot stand nadat dit deur die arbeid van ’n ander plaaslike gemeente wat reeds sigbaar gestalte gekry het, in en deur die bedienaars van die Woord, saamgeroep en vergader word. Paulus en Barnabas

gaan op die aanwysing van die Gees uit van Antiogieë in Sirië na Siprus en Klein Asië, en Paulus ook later na Europa, met die doel om oral die evangelie te preek, dissipels te maak en kerke te stig (Hand 13, kyk ook Hand 11, en Titus 1).

Maar dit wil nie sê dat ons die afsonderlike gestigte gemeentes moet beskou as almal klein onderdeeljies van die groter geheel nie. Of ook nie asof die later gestigte gemeentes onder een of ander ondergeskikte gesag gestaan het van die reeds bestaande gemeentes nie.

Want hoewel daar sekerlik één geheel tussen die kerke aangedui word in Hand 9: 31 met die aanwysing dat die gemeente (enkelvoud volgens die beste lesings) deur die hele Judea, Galilea en Samaria vrede gehad het, sien ons nog nie daaruit dat daar enige institutêre band tussen hulle bestaan het nie. Dit was maar die gemeenskaplike faktor van die apostel/s waaraan hulle onderworpe was, maar verder het hulle gewoonweg naas mekaar bestaan. Die gemeente van Filippi het niks oor Thessalonika of Korinthe te sê gehad nie.

Die apostel het sy brief aan die Galasiërs geskryf, welliswaar nie aan die gemeente (enkelvoud) van Galasië nie, maar aan die gemeentes (meervoud) in die provinsie Galasië (Gal 1: 2). In Openb 1: 12 sien Johannes nie één goue kandelaar nie, maar sewe sewe-armige kandelare wat los van mekaar op hulle eie staan en brand waartussendeur die Here loop.

Die punt om tuis te bring is dat die eenheid van die Here se kerk oor die hele aarde 'n geestelike eenheid is, nie struktureel-institutêr nie, nie 'amptelik' nie. Die Here het vir sy kerk op aarde nie streekse, provinsiale, nasionale of ekumeniese ampsdraers (bo en behalwe die apostels en profete en evangeliste) gegee nie. Maar Hy het vir haar voortgaande bestaan alleen plaaslike ampsdraers as ouderlinge en diakens, herders en leraars gegee.

Die kerk is dan wel 'n geestelike eenheid, maar nie met strukturele geografiese onderafdelings of takke nie. Dit is dus kerke wat deur hulle gemeenskaplike geloofseenheid in Christus geestelik een is, maar wat deur hulle plaaslike sigbare bestaan en regte funksionering almal onafhanklik en selfstandig van mekaar bestaan, en ook ampsdraers het wat alleen in hul eie gemeentes take het, sodat die een gemeente geen seggenskap oor die ander het nie.

En tog, al bestaan en funksioneer elke gemeente selfstandig op hulle onderskeie plekke verstrooid oor die hele aarde soos 'n koninklike priesterdom wat uitgeroep is om Christus se deugde te verkondig, en al is dit ook so dat die een geen seggenskap of heerskappy oor die ander het nie, is dit belangrik om daarmee rekening te hou dat 'n plaaslike gemeente nie die enigste plaaslike gemeente van Christus is nie, en dat dieselfde geloofsgehoorsaamheid by almal aanwesig moet wees, omdat hulle almal op dieselfde manier aan Christus behoort.

Dan is daar dus sake van gemeenskaplike aard, waar nou in geloofsgehoorsaamheid en by afwesigheid van die apostels, ander meganismes gebruik moet word om die goeie onderlinge orde te reël in sake wat voorkom. So 'n tipiese geval het hom in die vroeë Christelike kerke voorgedoen met die vraag of die heidene wat tot

bekering kom, ook besny moet word. Vir doeleindes van die uniforme bediening in die kerke van Christus, is toe afgevaardigdes van verskillende gemeentes na Jerusalem gestuur om daar saam met die kerkraad van Jerusalem te vergader (Hand 15).

'n Hulpmiddel om goeie gemeenskaplike orde in die plaaslike gemeentes te handhaaf, was dus dat die plaaslike kerke met mekaar afgespreek het om saam uit die Woord te soek en te besluit hoe die regte geloofsgehoorsaamheid in die besondere sake daar behoort uit te sien.

Die uitroep van sogenaamde meerdere vergaderings was dus nie aanvanklik deel van die totstandkoming of voortbestaan van die kerke nie, en kerke is ook nie afhanklik van die uitroep van meerdere vergaderings nie. Die nut en doel van die meerdere vergadering is egter besonders daarin dat meerdere plaaslike kerke mekaar hierdeur bystaan om op 'n goeie manier as kerke voort te bestaan. Hieruit is dan ook die bekende stelling gebore dat kerkverband en meerdere vergaderings nie nodig is vir die wese, die bestaan van die kerke nie, maar wel nodig vir die welwese, die goeie voortbestaan van die kerke.

Hieruit vloei dan ook voort dat die Gereformeerde kerkbegrip nie 'n sinodale kerkbegrip, 'n denominasionele kerkbegrip is nie, maar presbiteriaal, wat van die plaaslike kerk as die enigste voortgaande en permanente organisme, as sigbare gestalte van die onoorsienbare en universele kerk van die Here Jesus Christus uitgaan. En kerkverband in presbiteriale sin is nie 'n vaste institutêre struktuur nie, maar slegs 'n onderlinge hulpaksie, 'n kommunikasie-funksie en 'n reeks afsprake tussen plaaslike kerke.

Hierdie afsprake in onderlinge verbondenheid is vir gelowiges uiters belangrik. Dis immers ondenkbaar dat 'n gelowige in wie Christus deur sy Gees werk, nie in erkentlikheid sal wil saamwerk met 'n ander gelowige in wie Christus ook deur sy Gees werk nie, en soos wat dit tussen gelowiges individueel geld, so geld dit ook tussen ware kerke van Christus. Daarom ook dat ons die oproep van Paulus nougeset moet gehoorsaam waar hy skryf:

*Ef 4:1-3 “Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede.”*

Gevolgtlik is dit baie problematies om in presbiteriale terme te praat van “kerkskeuring” of “verbreking van kerkverband” of “afstigting” as daarmee bedoel word om iets van die kerkverband te sê. Sulke uitdrukkings pas hoegenaamd nie in die presbiteriale kerkbegrip en kerkverband nie. Dit is slegs in 'n sinodale kerkbegrip dat van verbreking van kerkverband en kerkskeuring in sinodale struktuurterme gedink en geredeneer kan word.

In die Bybelse konteks van kerkverband kan alleenlik gepraat word van die **skending van gemene akkoord, die verbreking van afspraak, die opskorting van korrespondensie** of iets dergliks. En juis dan is die egte verstaan van

kerkskeuring en verbreking van kerkverband soos Jesus dit in Joh 15 beskrywe, naamlik wanneer mens homself of andere van die Woord van Christus distansieër of beroof en gevolglik van Christus amputeer.

### **'n Paar praktiese implikasies**

Mens skeur jousef af van Christus en die wat aan Hom behoort deur eie gebruike of idees in te voer wat God in sy Woord nie beveel het nie, of om weg te vat en te verhinder wat Hy wel beveel het.

Dit is merkwaardig dat al ons belydenisgeskrifte asook die kerkorde oor die loop van die eeue as 'n gemene akkoord tussen plaaslike kerke tot stand gekom het, deurdat afgevaardigdes van die kerke (dikwels te midde van uiteenlopende sienings) saamgekom het en die korrekte siening volgens die Woord daaroor besin en besluit en op skrif gestel het.

Daar is al met aanhaling en akklamasie die standpunt verdedig wat Calvin in sy Inst 1559 4.9 – 10 gestel het dat daar nie kerkverskeurend te werk gegaan moet word in sake van middelmatige belang nie. Daar sal weer gekyk moet word hoe Calvin die begrip kerkskeuring beskou voordat ons met ons sinodale kerkstruktuurkonsep in gedagte sy werke lees. Hierdie twee hoofstukke moet paragraaf vir paragraaf en selfs reël vir reël bestudeer word. Want Calvin is daarin veel eerder besig om te verduidelik waarom gereformeerdes nie langer met die tirannieke Roomse dwingelandy kan saamgaan nie, as dat hy teen skismas oor middelmatige sake praat.

Trouens, onthou dat Calvin in hierdie hoofstukke juis verduidelik hoedat gereformeerdes hul uiterste gedoen het om die Roomsers vas te hou. Bouwman (deel 2 hfst 1) het bevind dat 'n kerklike organisasie onder die Gereformeerde kerke eers die lig gesien het nadat die Institusie klaar geskryf is. Calvin het in Mei 1564 gesterf. In 1561 was daar 2 150 gemeentes in Frankryk op soek na 'n sinodale organisasie. In 1559 het die kerke in Parys byeengekom om naas hul selfstandigheid wat in die Discipline Ecclesiastique gereël is, ook te handel oor sinodale vergaderings waarin afgevaardigdes van plaaslike kerke saamkom om saam die welsyn van al die kerke te behartig. Op hierdie wyse kon independentisme voorkom en die eenheid van die kerke gehandhaaf word sonder om in 'n hiërargie te verval. Die ordening in klassis en andere is eers in 1572 deur die sinode van Nîmes gereël.

Art 31 KO lui dat onderlinge afsprake voorwaardelik is. Kerke het ook met mekaar ooreengekom dat onderlinge afsprake voorwaardelik is. As 'n buurgemeente dinge doen wat tugwaardig ten aansien van die Woord is, is dit ons ordelike afspraak volgens art 31 KO dat erkenning en deelneming nie vas en nie bindend is nie, maar voorwaardelik, toegespits, vermanend, afkeurend volgens dieselfde praktiese stappe as wat die Here Jesus in Matt 18 gestel het vir die optrede tussen broeders.

'n Kerk mag egter nooit die geringste aanleiding gee daartoe dat sy iets doen om die onderlinge band van die eenheid van die Gees te versteur of te verskeur nie (Ef 4:1-4). Omdat hierdie band deur die Here self aan ons gegee is, is dit onverhandelbaar kosbaar.

Dit neem egter nie weg dat as anderes wel die band wat die Gees gegee het, deurbreek (Joh 15), ons nie met hulle mag saamgaan in die deurbreking van die band van die Gees nie. Ons hou die roeping om te vermaan en terug te roep. En wanneer hulle ons vervolg en uit die kerkverband uitsit, dan is ons geroepe om die kerk van Christus opnuut te vergader onder sy juk en om gehoorsaamheid aan Hom te soek.

Rig enige navrae aan:

Die Skriba  
Ouderling MJL van der Meer  
Posbus 31527  
Totiusdal  
0134

E-pos: [rienvandermeer@absamail.co.za](mailto:rienvandermeer@absamail.co.za)  
Telefoon: 012 331 3097

Kopieë vir verspreiding van hierdie dokument  
is by bostaande adres beskikbaar.

Die dokument is ook beskikbaar op die internet:  
<http://home.spg.co.za/bogaards/sinode2003.htm>